REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands **70c** Other countries
Posvry • Post free

***Regulasiekoerant***
***Regulation Gazette***
**No. 4267**

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer*
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 279 — PRETORIA, 22 SEPTEMBER 1988 — No. 11529

## PROKLAMASIE

***van die***

***Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika***

**No. R. 170, 1988**

WET OP OPENBARE VEILIGHEID, 1953

WYSIGING VAN DIE VEILIGHEIDS-NOODREGULASIES, 1988

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 3 van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953), vaardig ek hierby die regulasies vervat in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

A. J. VLOK,
Minister van die Kabinet.

### BYLAE

***Wysiging van regulasie 8 van Proklamasie R. 97 van 1988***

1. Regulasie 8 van die Veiligheidsnoodregulasies, 1988, word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasies (1) en (3) (a) en (b) voor die woord "Kommissaris", waar dit ook al voorkom, die woorde "Minister of die" in te voeg;

(b) deur in subregulasie (4) die uitdrukking "regulasies 10 (4) en 11 (e)" deur die uitdrukking "regulasie 10 (4)" te vervang; en

(c) deur die volgende subregulasies by te voeg:

"(5) Enige bevel kragtens subregulasie (1) ten opsigte van 'n persoon uitgereik, word deur die Minister aan daardie persoon bekendgemaak—

(a) deur die inhoud van die bevel in die *Staatskoerant*, of, waar van toepassing, in die *Amptelike Koerant* van 'n selfregerende gebied, te publiseer; of

## PROCLAMATION

***by the***

***State President of the Republic of South Africa***

**No. R. 170, 1988**

PUBLIC SAFETY ACT, 1953

AMENDMENT OF THE SECURITY EMERGENCY REGULATIONS, 1988

Under the powers vested in me by section 3 of the Public Safety Act, 1953 (Act 3 of 1953), I hereby make the regulations contained in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-second day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

A. J. VLOK,
Minister of the Cabinet.

### SCHEDULE

***Amendment of regulation 8 of Proclamation R. 97 of 1988***

1. Regulation 8 of the Security Emergency Regulations, 1988, is hereby amended—

(a) by the insertion in subregulations (1) and (3) (a) and (b) before the word "Commissioner", wherever it occurs, of the words "Minister or the";

(b) by the substitution in subregulation (4) for the expression "regulations 10 (4) and 11 (e)" of the expression "regulation 10 (4)"; and

(c) by the addition of the following subregulations:

"(5) Any order issued in respect of a person under subregulation (1) shall be made known by the Minister to that person—

(a) by publishing the order in the *Government Gazette* or, where applicable, in the *Official Gazette* of a self-governing territory; or

(b) deur die bevel, of 'n afskrif daarvan, aan daardie persoon te oorhandig of aan te bied of deur 'n lid van 'n veiligheidsmag aan hom te laat oorhandig of aanbied.

(6) 'n Persoon ten opsigte van wie 'n bevel kragtens subregulasie (1) (c) of (d) uitgereik is en wat—

(a) op die tydstip waarop die bevel, of 'n afskrif daarvan, ooreenkomstig subregulasie (5) (b) aan hom oorhandig of aangebied word, hom op 'n plek bevind wat buite die grense van die gebied of perseel is waartoe hy ingevolge die bevel ingeperk word; of

(b) te eniger tyd nadat die bevel ooreenkomstig subregulasie (5) (a) in die *Staatskoerant* of in die *Amptelike Koerant* van 'n selfregerende gebied gepubliseer is of nadat die bevel, of 'n afskrif daarvan, ooreenkomstig subregulasie (5) (b), of, in die geval van 'n bevel uitgereik voor die inwerkingtreding van die Veiligheidswysigingsnoodregulasies, 1988, regulasie 11 (e), aan hom oorhandig of aangebied is, deur 'n lid van 'n veiligheidsmag gevind word op 'n plek buite die grense van die gebied of perseel waartoe hy ingevolge die bevel ingeperk is en sy aanwesigheid buite die grense van bedoelde gebied of perseel in stryd met die bevel is,

kan sonder 'n lasbrief gearresteer word deur 'n lid van 'n veiligheidsmag en in hegtenis verwyder word tot binne die grense van bedoelde gebied of perseel, na gelang van die geval, en so 'n persoon kan in afwagting van sy verwydering in hegtenis aangehou word.".

***Wysiging van regulasie 9 van Proklamasie R. 97 van 1988***

2. Regulasie 9 van die Veiligheidsnoodregulasies, 1988, word hierby gewysig deur in subregulasies (1) en (3) (a) en (b) voor die woord "Kommissaris", waar dit ook al voorkom, die woorde "Minister of die" in te voeg.

***Kort titel***

3. Hierdie regulasies heet die Veiligheidswysigingsnoodregulasies, 1988.

(b) by handing or tendering such order, or a copy thereof, to that person or by causing such order or copy to be handed or tendered to that person by a member of a security force.

(6) A person in respect of whom an order has been issued under subregulation (1) (c) or (d) and who—

(a) at the time when the order, or a copy thereof, is handed or tendered to him in accordance with subregulation (5) (b), happens to be at a place outside the boundaries of the area or premises to which he is restricted in terms of the order; or

(b) at any time after the order has in accordance with subregulation (5) (a) been published in the *Government Gazette* or in the *Official Gazette* of a self-governing territory or after the order, or a copy thereof, has in accordance with subregulation (5) (b), or, in the case of an order issued before the commencement of the Security Amendment Emergency Regulations, 1988, regulation 11 (e), been handed or tendered to him, is found by a member of a security force at a place outside the boundaries of the area or premises to which he is restricted in terms of the order and his presence outside the boundaries of the said area or premises is in contravention of the order,

may without a warrant be arrested by a member of a security force and be removed in custody to within the boundaries of the said area or premises, as the case may be, and such person may pending his removal be detained in custody.".

***Amendment of regulation 9 of Proclamation R. 97 of 1988***

2. Regulation 9 of the Security Emergency Regulations, 1988, is hereby amended by the insertion in subregulations (1) and (3) (a) and (b) before the word "Commissioner", wherever it occurs, of the words "Minister or the".

***Short title***

3. These regulations shall be called the Security Amendment Emergency Regulations, 1988.

## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| R. 170 | Wet op Openbare Veiligheid (3/1953): Wysiging van die Veiligheidsnoodregulasies, 1988 | 1 | 11529 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| R. 170 | Public Safety Act (3/1953): Amendment of the Security Emergency Regulations, 1988 | 1 | 11529 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 264

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 264